NUUSBRIEF
UITGAWE 1
brackenfell
'n gemeente waar vriende ontmoet
www.brackenfellgemeente.co.za

Komitee Verslag

van die

Kerkraad

rakende

Vraelysterugvoer Mei 2011

KOMMUNIKASIE

STATISTIEKE

SAKE WAT PLA

Die Komitee het al die vrae en antwoorde bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen spesifieke saak of sake is wat kan aandui dat daar 'n probleem in ons Gemeente is wat die oorsaak van verminderde lidmaattalle of finansiele inkomste is nie.

Die globale ekonomiese situasie waarin ons onsself bevind, het 'n groot invloed op ons situasie. Baie van die tendense wat ons bespeur, kom in vele gemeentes en maatskappye voor. Dit vra dat ons sal voortgaan om die regte dinge te doen en sover moontlik aandag te gee aan die kleiner dinge wat 'n verskil kan maak.

Vraelys statistiek

	Getal	Persentasie
Aantal vraelyste voorberei.	300	100%
Aantal vraelyste uitgedeel	280	93%
Aantal vraelyste terug ontvang	186	62%
Aantal vraelyste voltooi	156	52%
Aantal vraelyste onvoltooi	30	10%

"Dit ***vra*** dat ons sal voortgaan om die regte ding te ***doen*** en sover moontlik **aandag** te gee aan die ***kleiner dinge*** wat n verskil kan maak."

VOLGENDE BLADSY

Die volgende is wel gevolgtrekkings wat voorgelê word as die belangrikste samevattende sake waaraan die kerkraad moet aandag gee:

1 Daar is 'n tendens van lidmate wat tussen gemeentes swerf.

2 Die Oggenderedienste in die Sentrum kan baat by 'n werksessie oor sommige aspekte:

- Sang in die sentrum vra om meer balans tussen bekende en nuwe liedere.
- Die aanddiens werk vir die tieners.
- Die skuif in punt 2 het egter die bywoning van volwasse lidmate/ouers en gevolglike dankofferbydraes geknou.

3 Die belang van kommunikasie na lidmate wat opgeskerp moet word is baie belangrik:

- Daar is heelwat opvoeding dmv. inligting wat gekommunikeer moet word.
  Bv: dat Bankkollekte nie dieselfde as maandelikse dankoffers is nie.
- 40% lidmate dra nie finansieel tot die gemeentedankoffers by nie.
  Kommunikasie d.m.v. die kerkbulletin, eposnuusbrief en sms word hooggeag.
- 50% lidmate het nog nooit oor gemeentefinansies gedink nie.

Hierdie week is die Negende week in Koninkrykstyd

4 Baie lidmate werk sewe dae van die week, of is naweke by ander verpligtinge betrokke.

5 Die Gemeente is positief oor die aandag aan jeugwerk in die Gemeente, hoewel die huidige kategesereelings tog ongerief by die volwassenes veroorsaak.

6 Daar is baie positiewe terugvoer oor tuis-wees in die gemeente, dankbaarheid oor prediking en vir die werk wat gedoen word in die gemeente.

7 Sake wat pla en wat aandag vra is:

- Kommunikasie.
- Musiek in Sentrum.
- Eredienste : lengte, tye, sang, geestelike inslag.
- Moederskamers is onpersoonlik.
- Kategese.
- Predikantebesoeke aan kleingroepe, individue.

Die komitee wil graag hul dank uitspreek teenoor Danie Grobler en sy gesin, wat baie ure ingesit het met die verwerking van die vraelysantwoorde en die opstel van 'n verslag wat voorgelê kan word vir bespreking.
Baie dankie aan **kerkraadslede**, **dienswerkers** en **lidmate** wat gehelp het met die uitdeel en terugbring van die vraelyste

Dankie aan die **kerkkantoor** vir koordinering van die vraelyste.

En dankie vir die **lidmate** wat aan die opname deelgeneem het.

◀ VORIGE BLADSY

VOLGENDE BLADSY ▶

Aantal Vraelyste volgens die Ouderdomsgroepe

Aantal vraelyste volgens die ouderdomsgroepe

Ouderdomsgroep	20 tot 30	31 tot 40	41 tot 50	51 tot 60	61 tot 70	71 tot 80	81 tot 90	Totaal
Aantal vraelyste	14	36	62	32	5	6	1	156
Persentasie	9%	23%	40%	21%	3%	4%	1%	100%
Groter groepering	32%		63%			4%		100%



"Dankie vir die lidmate wat aan die opname deelgeneem het."

Psalm 13:6

"Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het."

Ons hoor verskillende stemme opgaan oor die kategese sisteem soos dit tans is en wil graag soveel as moontlik ouers en kategete byme-kaarkry om saam hieroor na te dink. Daarom nooi ons almal uit na twee gespreksgeleenthede. Kom gesels saam en lewer so 'n positiewe, opbouende bydrae.

Dinsdag 6 September 19:00 - 20:30

Ons fokus op die Graad 1 tot 6 kategese.

Donderdag 8 September 19:00 - 20:30

Ons fokus op die Graad 7 tot 10 kategese.

Ons sien uit daarna om jou daar te sien.

"Kom ***gesels saam*** en lewer so 'n ***positiewe,*** **opbouende** bydrae."

KATEGESE

2011

◀ VORIGE BLADSY

VOLGENDE BLADSY ▶

Predikante:

Ds Lou-Maré Denton
(021) 981 2445
lou-mare@brackenfellgemeente.co.za

Ds Johan Mocke
(021) 981 1216
johan@brackenfellgemeente.co.za

Kantoor

Elmarie Mostert
kantoor@brackenfellgemeente.co.za

Bertus Loubser
finansies@brackenfellgemeente.co.za

Bankbesonderhede

NG Kerk Brackenfell
ABSA Bank
Takkode 632005
Rekeningno. 1450 580 143

Vir Huwelike: Kontak die Kerkkantoor 4 maande voor huwelik.
Vir Begrafnis: Kontak die Leraar.
Kategese: Gr 1 - 2 (09:00 - 10:00) Sondae
Gr 3 - 6 (09:00 - 10:30) Sondae
Gr 7 - 10 (17:30 - 18:30) Sondae

VORIGE BLADSY

ROEPINGSVERKLARING
BRACKENFELLGEMEENTE

Ons hoor dat die Here ons stuur na die jeug en gesinne van Brackenfellgemeenskap, om oor alle grense hande te vat, verhoudings te bou, en vriendskappe te sluit.

Die gemeente bid en vertrou die Gees om ons te lei wanneer ons dit waag om risiko's te neem ter wille van iets wat God se hart en wil vir die wereld wil wys.

www.brackenfellgemeente.co.za

Kerkkantoor Ure: Maandag tot Vrydag 09:00 - 13:00
asook Donderdae 17:00 - 18:00

(021) 981 1247

Posbus 37, Brackenfell
7561